# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Gesels saam:

- As jy 'n lig in enige plek in die wêreld kon wees, waar sou jy wou skyn en waarom?

## WONDER

Lees Johannes 8:12; 9:1-12 saam.

Gesels saam:

- Hoe dink julle het die blinde man gevoel toe hy vir die eerste keer kon sien?
- Hoe het die mense gereageer toe Jesus die blinde man genees het?
- Wat beteken dit vir ons dat Jesus die lig vir die wêreld is?

## WEES

Wys vir die jongmense 'n video van 'n persoon wat kleurblind is en vir die eerste keer kleur sien, **byvoorbeeld. (https://www.youtube.com/watch?v=1ZcK-Eima-w)**

Gesels saam:

- Hoe pas die video by die gedeelte wat ons gelees het?
- Lig en duisternis het in die Bybelse tyd ook simboliese betekenis gehad. Lig is gesien as dinge wat die wêreld 'n beter plek maak, en duisternis as dinge wat die wêreld 'n slegter plek maak. Jesus is die lig vir die wêreld. Hoe kan ons ook deel van die goeie dinge (lig vir die wêreld) wees?

## WEGSTUUR

Besluit saam op 'n goeie daad wat julle gedurende die week gaan doen. Dit moet iets wees wat die lig vir die wêreld sigbaar sal maak. Dalk is dit om vriendelik te wees of 'n goeie daad by die huis te doen. Gee volgende week terugvoering.